KUNSTEKAAP NASIONALE JEUGMUSIEKKOMPETISIE 2012

1. DIE KOMPETISIE 1
2. DATUMS EN PLEK 2
3. KATEGORIEË 2
4. PRYSE EN MEDALJES 2
5. INSKRYWING 2
6. KOMPETISIEREËLS 3
   6.1. TOELATING 3
   6.2. BEOORDELING 4
   6.3. RONDES 4
   6.4. REPERTORIUM 5
      6.4.1. Algemeen 5
      6.4.2. Kwalifiserende Oudisieronde 6
      6.4.3. Eerste en Tweede Rondes 6
      6.4.4. Derde Ronde 6
      6.4.5. Eindronde 6
7. BEGELEIERS 7
8. RIGLYNE VIR VERHOOGGEDRAG EN KLEREDRAG 7
9. VERBLYF, REIS & VERVOER 7
10. KLANKOPNAMES VAN UITVOERINGS 7

1. DIE KOMPETISIE

Die kompetisie bied aan jong klassieke musici die geleentheid om hul musikale en tegniese vaardighede onder mededingende omstandighede te ontwikkel.

2. DATUMS EN PLEK

- Die oudisieronde van die kompetisie sal ná 7 Mei 2012 in die hoofsentrums plaasvind.
- Die vier openbare rondes van die kompetisie sal vanaf 8 – 13 Oktober 2012 in die Kunstekaap-teater te Kaapstad gehou word.

3. KATEGORIEë

A. Klavier

B. Strykinstrumente

C. Blaasinstrumente (insluitende houtblaas en koperblaas)

D. Ander orkesinstrumente (bv. harp, perkussie)

4. PRYSE EN MEDALJES

Eerste prys		Goue medalje	R25 000*
Kategorieë:	Pryswenners	Silwermedalje	R5 000
	Naaswenners	Bronsmedalje	R2 500
Alle derderonde-deelnemers			R2 000
Alle eindronde-deelnemers			R2 500
Pieter Schoeman-prys vir die beste violis			R4 000
Yaltah Menuhin-toekenning en medalje vir die beste pianis			R4 000
Pauline Nossel-prys vir die beste uitvoering van ’n klassieke werk deur ’n pianis			R4 000
Beste uitvoering van ’n concerto in die eindronde			R2 000
Beste uitvoering van ’n Suid-Afrikaanse werk			R2 000
Belowendste deelnemer wat nie ’n finalis is nie			R1 500

*Hierdie bedrag sluit die kategorieprys sowel as die toekennings vir die derde- en eindronde in.

5. INSKRYWING

1. Die sluitingsdatum vir inskrywings is 23 Maart 2012.
2. Die keuse van oudisiesentrum moet op die inskrywingsvorm aangedui word.
3. Die inskrywingsvorm moet van die volgende vergesel word:
   I. ’n Nie-terugbetaalbare registrasiefooi van R200*.
   II. ’n Getikte kopie van die inskrywer se *curriculum vitae* van nie meer as 100 woorde nie.

III. ’n **Kop-en-skouers foto** van die inskrywer in JPEG-formaat met ’n DPI van nie minder nie as 300 moet per e-pos aan die Sekretariaat gestuur word. Geen fotostate of ander foto-formate sal aanvaar word nie.

*Tjeks is betaalbaar aan “Artscape”. Die inskrywingsfooi kan ook in die volgende bankrekening inbetaal word:

Rekeningnaam: Artscape;

Bank: Nedbank;

Takkode: 108309;

Rekeningnommer: 1083 29 08 43.

Bewys van betaling moet na (021) 419 8756 gefaks word.

4. Inskrywingsvorms en ondersteunende dokumente moet gestuur word aan:

Die Sekretariaat
Kunstekaap Jeugmusiekkompetisie
Posbus 4107
KAAPSTAD
8000
Tel: (021) 410 9921
Faks: (021) 419 8756
E-pos: youthmusic@artscape.co.za

6. KOMPETISIEREëLS

Deur die inskrywingsvorm te onderteken, aanvaar die inskrywer al die reëls en regulasies van die kompetisie, asook die beslissings van die beoordelaars. Versuim om hierdie reëls en regulasies na te kom **mag** diskwalifikasie tot gevolg hê.

6.1. TOELATING

- Pianiste en orkesinstrumentaliste mag vir die kompetisie inskryf.
- Deelnemers mag nie in dieselfde jaar vir meer as een instrument inskryf nie
- Deelnemers mag nie jonger as 14 of ouer as 19 jaar wees op 13 Oktober 2012 nie.
- ’n Maksimum van dertig (30) deelnemers sal tot die kompetisie toegelaat word.
- Voormalige algehele wenners van die Kunstekaap Nasionale Jeugmusiekkompetisie mag nie vir hierdie kompetisie inskryf indien hulle dieselfde instrument as voorheen wil bespeel nie.
- Daar sal van deelnemers wat nie vir die derde ronde van die 2011-kompetisie gekwalifiseer het nie, verwag word om aan die kwalifiserende oudisieronde deel te neem.

6.2. BEOORDELING

- Die kompetisie word kumulatief oor die vier rondes beoordeel.
- Die beslissing van die beoordelaars is finaal en sal aan die einde van die rondes aangekondig word.
- Terugvoering oor die spel van deelnemers sal ná die derde ronde deur beoordelaars gegee word aan diegene wat nie tot die finale ronde deurgedring het nie.
- Medaljes sal slegs aan derderonde-deelnemers en finaliste toegeken word.
- Slegs eindronde-deelnemers sal vir die Pieter Schoeman-prys en die Yaltah Menuhin-toekenning in aanmerking kom.
- Pryse sal nie toegeken word aan deelnemers wat nie al die reëls nakom nie.
- Spesiale pryse kan toegeken word.
- Die beoordelaars is onder geen verpligting om pryse toe te ken indien die standaard van die uitvoerings dit nie regverdig nie.
- Geen korrespondensie rakende die beslissings van die beoordelaars sal gevoer word nie.

6.3. RONDES

- Al die rondes is vir die publiek toeganklik.
- Die kompetisie sal uit ’n kwalifiserende oudisieronde en vier (4) openbare rondes bestaan.
- Alle werke in alle rondes moet deurgaans op dieselfde instrument gespeel word, m.a.w. verskillende instrumente mag nie vir verskillende werke gebruik word nie. Dít is nie van toepassing op die beurtelingse gebruik van B-mol- en A-klarinette nie.
- Indien ’n deelnemer sterk daaroor voel dat ’n deel van sy/haar program op ’n verwante instrument in die houtblaasinstrument-familie gespeel moet word (byvoorbeeld alternatiewe saksofone), moet sodanige versoek formeel voorgelê word en deur die kompetisie-organiseerders goedgekeur word vóór die aanvang van die kompetisie. Die werk/e wat op enige alternatiewe “familie”-instrument gespeel word, moet duidelik aangedui word op die voorgelegde program en alreeds in ronde 1 en/of 2 van die kompetisie uitgevoer word.
- Die omruil van instrumente moet nie inbreuk maak op die program se tydsduur nie en die deelnemer moet ernstig besin of die verandering intonasieprobleme tot gevolg kan hê. Geen toegewing sal gemaak word vir probleme wat uit die verandering voortspruit nie.
- Alle deelnemers wat tydens die oudisieronde deur die beoordelaars gekeur word, moet in sowel die eerste as die tweede ronde by Kunstekaap in Kaapstad speel, waarná die eerste uitdunning van deelnemers sal plaasvind.
- ’n Maksimum van twaalf (12) deelnemers sal vir die derde ronde gekeur word en ’n maksimum van ses (6) deelnemers sal vir die eindronde gekeur word.
- Deelnemers wat gekeur word om aan die openbare rondes van die kompetisie in Kaapstad deel te neem sal nie toegelaat word om ander uitvoerings tydens die kompetisie te gee nie en

moet seker maak dat hulle beskikbaar is vir alle geskeduleerde oefensessies, insluitende repetisies met die orkes, waar van toepassing. Spesiale reëlings ter wille van eksterne bedrywighede kan nie vir individuele deelnemers getref word nie.

6.4. REPERTORIUM

6.4.1. Algemeen

- Alle werke moet deur die deelnemer gekies word.
- Die gekose repertorium wat vir die verskillende rondes gespesifiseer word (kyk hieronder), moet uit kontrasterende werke uit verskillende styltydperke bestaan.
- Deelnemers mag nie hul eie komposisies of eie transkripsies uitvoer nie. Transkripsies deur erkende komponiste word toegelaat.
- Volle besonderhede van elke werk moet op die inskrywingsvorm aangedui word (m.a.w. komponis, volle titel, volledige opusnommer, toonaard, name en/of tempo-aanduidings van die bewegings, styltydperk en presiese tydsduur).
- Wanneer die repertorium vir solorondes gekies word, moet deelnemers die volgende kriteria in gedagte hou:
    - Musikale vaardigheid en virtuositeit.
    - Musikale uitdrukking en interpretasievermoë.
    - Kontraste in tempo en karakter.
    - ’n Begrip en weergawe van verskillende musiekstyltydperke, m.a.w. Barok, Klassiek, Romanties, Eietyds.
- Enige veranderinge aan die repertorium moet skriftelik en onderteken deur sowel die deelnemer as die onderwyser, ingedien word. Geen verandering aan die repertorium sal ná 24 Augustus 2012 toegelaat word nie.
- Verskillende bewegings van ’n werk sal gesamentlik as een (1) werk beskou word**.** Afsonderlike bewegings van ’n beduidende sonate wat in verskillende rondes gespeel word, sal egter as aparte stukke toegelaat word.
- Geen werke mag in die eerste drie openbare rondes van die kompetisie herhaal word nie.
- Die deelnemer moet na goeddunke besluit in watter volgorde stukke in elke ronde uitgevoer word.
- Herhalings word nie vereis nie, maar *da capo’s* moet gespeel word.
- Pianiste moet alle werke sonder bladmusiek uitvoer.
- Concerto’s vir alle instrumente moet sonder bladmusiek gespeel word.
- Pianiste mag slegs solowerke in die oudisieronde en in die openbare rondes 1 en 2 uitvoer (m.a.w. geen bewegings uit concerto’s of ander werke met tweedeklavier-begeleiding nie).
- Indien optredes die tydsduur oorskry (kyk hieronder), sal die beoordelaars deelnemers vra om op te hou speel.

- Deelnemers wat in die solo-uitvoering van die derde ronde vir minder as die vereiste minimum tydsduur van 20 minute of meer as die maksimum tydsduur van 25 minute speel, sal met ’n persentasievermindering op hul puntetoekenning gepenaliseer word vir elke minuut of gedeelte van ’n minuut minder as 20 of meer as 25 minute. Hulle kan ook gediskwalifiseer word.
- Deelnemers kan versoek word om afskrifte van die bladmusiek te verskaf.

6.4.2. Kwalifiserende Oudisieronde

- ’n Program van nie langer as 10 minute nie, bestaande uit twee (2) kontrasterende werke, moet gespeel word.
- Hierdie werke moet deel wees van die deelnemer se repertorium vir die kompetisie in die daaropvolgende openbare rondes.
- Een van hierdie werke moet uit die Barok- (of voor-Barok) of Klassieke tydperk kom.

6.4.3. Eerste en Tweede Rondes

- Vier (4) werke uit ten minste drie (3) verskillende styltydperke moet uitgevoer word.
- Een (1) van die werke wat uitgevoer word, moet ’n beweging van ’n Klassieke of Romantiese sonate wees. ’n Sonatebeweging uit ’n later styltydperk word vir koperblaasinstrumente, saksofone en perkussie toegelaat.
- Werke moet soos volg aangebied word:
    - **Eerste Ronde:** 2 Kontrasterende Werke: Maksimum tydsduur **10 minute**
    - **Tweede Ronde:** 2 Nuwe Kontrasterende Werke: Maksimum tydsduur **15 minute**

6.4.4. Derde Ronde

1. ’n Uitvoering met ’n minimum tydsduur van 20 minute en ’n maksimum tydsduur van 25 minute, bestaande uit kontrasterende werke; sowel as
2. ’n Beweging uit ’n concerto (1ste of 3de beweging); of ’n enkele werk vir die gekose instrument en orkes; of twee bewegings uit ’n concerto (stadige en vinnige bewegings); of ’n volledige concerto – elk onderworpe aan ’n maksimum tydsduur van 20 minute (vir uitvoering met klavierbegeleiding). Vir meer besonderhede rakende die concerto, kyk “Eindronde”.

6.4.5. Eindronde

- Heruitvoering van die concerto wat in die derde ronde gespeel is, begelei deur die Kaapse Filharmoniese Orkes.
- Deelnemers moet hul concerto vir die eindronde kies uit die concerti-lys van die Kaapse Filharmoniese Orkes se biblioteek. Hierdie lys is op Kunstekaap se webtuiste by *www.artscape.co.za* verkrygbaar.
- Indien die deelnemer nie ’n geskikte concerto op die lys kan vind nie, moet die volgende inligting saam met ’n aansoek om ’n ander concerto aan te bied, voorsien word:

- Volle titel van die gekose werk en die komponis.
- Uitgewer van die werk.
- Bewys van beskikbaarheid van die concerto se volle orkesparty in Suid-Afrika, hetsy te huur of te koop.
- ’n Huur- of koopprysopgawe van ’n professionele bron.

- Indien die orkesparty van die gekose concerto nie in Suid-Afrika beskikbaar is nie en van oorsee verkry moet word, kan die deelnemer vir die koste aanspreeklik gehou word.
- Goedkeuring van die concerto is onderworpe aan die geskiktheid van die werk in die konteks van die kompetisie en beskikbaarheid van die nodige orkespartye in Suid-Afrika. Die beslissing van die kompetisie-organiseerders hieromtrent is finaal.

7. BEGELEIERS

Deelnemers moet self reëlings tref vir begeleiding. Sorgvuldige oorweging moet geskenk word aan die keuse van begeleier aangesien die begeleiding ’n integrerende deel van die uitvoering is en van kritieke belang is vir die algehele gehalte daarvan. Inligting oor beskikbare begeleiers in Kaapstad kan van die organiseerders verkry word.

8. RIGLYNE VIR VERHOOGGEDRAG EN KLEREDRAG

Verhooggedrag en kleredrag is ’n belangrike en essensiële deel van enige uitvoering. In hierdie opsig word deelnemers verwys na *Riglyne vir Verhooggedrag: Die Hoekoms & Hoe’s,* saamgestel deur Me. Becky Steltzner van die Universiteit van Kaapstad. Die dokument kan op Kunstekaap se webtuiste by *www.artscape.co.za* verkry word.

9. VERBLYF, REIS & VERVOER

Verblyf, reis na Kaapstad en vervoer na en van die Kunstekaap-teatersentrum sal nie deur die organiseerders verskaf word nie.

10. OPNAME VAN UITVOERINGS

Die organiseerders behou die reg voor om klankopnames van alle uitvoerings tydens die kompetisie te maak en na goeddunke vir radio- en televisie-uitsendings te gebruik. Deur die inskrywingsvorm te teken doen deelnemers afstand van alle regte, gelde en eise wat met sodanige opnames, films en uitsendings verband hou.